## DIE MENS — DIE KONSTANTE IN DIE GESKIEDENIS

Toe die bekende Duitse filosoof Karl Löwith onlangs dit gestel het dat die mens nie essensieel binne die natuur leef nie, maar dat hy binne die horison van die Geskiedenis bestaan,[1] het hy 'n standpunt geponeer wat algemeen deur historici aanvaar word. Geskiedenis is beweging, verandering, waardeur die mens voortdurend deur 'n nuwe situasie, 'n nuwe lewensperspektief gekonfronteer word en waarmee hy moet saamgaan omdat die onmiddellik op die oomblik van konfrontasie deel word van sy nuwe wêreld.

Dit is hierdie wêreld van die Geskiedenis waarbinne die mens bestaan en wat aanhoudend oopbreek na nuwe vergesigte, nuwe wêrelde, wat vir die mens van belang is omdat hy hom voortdurend daarbinne vind en dit nooit kan ontsnap nie. Deur die eeue heen het die mens se opvattinge, oordeel oor dinge, staatsinstellings, sy estetiese en etiese opvatting verander en het die gemeenskap waarin hy hom bevind het, nooit dieselfde gebly nie. Dit is die wêreld van die Geskiedenis waaruit die mens nie kan ontsnap nie tensy hy hom in 'n woestyn gaan afsonder, maar waar hy juis omdat hy mens is en bestaan omdat sy medemens bestaan, nie sal kan lewe nie. Die mens soos hy is, soos hy dink en doen, is resultaat van sy Geskiedenis. 'n Individu op 'n bepaalde tydstip in die Geskiedenis sou nie *bestaan* het indien die Geskiedenis *anders* was nie. Geskiedenis word dan ook die restrospektiewe verstaan van die menslike ontwikkeling deur die eeue heen[2] sodat die mens homself kan verstaan en daardeur ook ingestel is om die „hede" waarin hy leef, te begryp, want dit is die mens se bestaan in die „hede" wat vir hom van betekenis is. Piëteit vir die verlede is gevolglik nie om die verlede ontwille nie, anders sal 'n mens dan 'n sentimentele antikwariër wees, maar dit is om die ontwil van die „hede" wat deur die verlede gevorm en verryk is sodat dit ons in staat stel om die toekoms met groter gerustheid tegemoet te gaan.[3] As 'n mens mooi daaroor nadink, is dit uiters moeilik om presies te sê wat 'n mens met „hede" bedoel. Is dit 'n oomblik van bewustheid en is die bewustheid van 'n sekonde gelede reeds deel van die verlede? Die historiograaf Renier het waarskynlik een van die mooiste definisies van die begrip „hede" gegee toe hy gesê het dat dit daardie oomblik in die tyd is waarvan jy jou bewus is dat dit nog nie deel van die verlede geword het nie.[4]

Omdat ons onsself voortdurend in 'n nuwe „hede" bevind, is die lewe 'n voortdurende oorgang na die nuwe „hede" wat telkemale in die toekoms opgesluier lê. Indien dit so is, dan bestaan die mens in die besef van die verganklikheid van die mens binne die Geskiedenis, maar hy

---

1. Löwith, Karl, in 'n lesing te Fort Hare, April 1962.
2. Aron, Raymond: *Introduction to the Philosophy of History*, bladsy 79. London, 1948.
3. Renier, G. J.: *History, Its Purpose and Method*, bladsy 31. London, 1961.
4. *Ibid.*

bestaan in die sekerheid dat te midde van die verloop van dinge daar tog 'n konstante is naamlik die menslike natuur. Indien die hedendaagse mens heeltemal anders is as die mens van gister of eergister, of selfs 'n duisend jaar gelede, dan sou dit vir ons onmoontlik gewees het om die mens in die verlede te ken en sou ons belang in hom verloor het. Löwith stel dit dat selfs indien ons moet veronderstel dat daar 'n historiese transformasie in die *essensie* van die mens was, dan kon hierdie transformasie alleenlik plaasgevind het indien die mens essensieel dieselfde gebly het, want alleen dit wat permanent is, kan ook verander, anders sou ons geensins dit erken wat verander het indien dit iets *nuus* is nie.[5] Die heeltemal nuwe bestaan in sigself en eindig by sigself. Dit het geen „verlede" nie en ook geen toekoms nie.

Die mens was altyd menslik en dit is deur sy menslikheid dat ons hom kan verstaan. Hy was in die verlede soos ons is. Hy het ook lief gehad, hy het ook gehaat, gehoop en vol vertwyfeling gewees. Hy kon vreugde betoon, maar ook ween, hy kon wreed wees en ook sy medemens liefhê. Hy het oorlog beplan en gemaak, maar het ook vrede nagestreef; hy kon dapper wees, maar was ook lafhartig; hy kon kleinlik wees, maar ook grootmoedig en bowe-al het die mens altyd die eienskap vertoon om bo sy alledaagsheid uit te styg en aangegryp te word deur die dinge wat hy nie deur die verstand kon begryp nie, maar deur sy gevoel kon verstaan. Hy was altyd bewus van sy bestaan, maar het sy medemens beter verstaan as homself. Hy het deur sy medemenslikheid homself verstaan. Hy het hom in 'n gemeenskap van mense bevind en saam met hulle gelewe en het sy lewe ten opsigte van sy medemens betekenis en inhoud gekry. Sy woede, sy meegevoel, ens. het hy teenoor ander betoon; sy drome het hy met ander gedeel, want sonder die „ander" kon hy geen ideale gehad het nie.

Die historikus bestudeer nie die individu los van die groep waartoe hy behoort nie. Hy bestudeer tipiese situasies waarin die individu ondergeskik was[6] en die individu word alleen bestudeer in soverre hy die groep waartoe hy behoort tipeer. Die individu word in die Geskiedenis gekollektiviseer. Hy word deel van die boeregemeenskap, stad, nasie, kerk, ens. En tog bestaan die individu, die mens, binne hierdie kollektiewe geheel, as mens en bepaal sy menslikheid dikwels die vorm wat die geheel aanneem.

Wanneer die historikus sy argivale bronne naslaan, dan is hy bewustelik op soek na materiaal waardeur hy 'n situasie kan tipeer en dan sien hy dikwels nie die menslike wat in sy dokument aanwesig is omdat dit deur 'n mens geskryf is, raak nie. Wanneer die historikus deur die dokumentemateriaal gaan op soek na die menslike, waarin die voorwaarde vir „historiese verstaan" opgesluit lê, dan vind hy dat hy skielik 'n ander wêreld betree het, dat hy met mense te doen het wat soos hy is en dan kry sy navorsingswerk nie alleen ander betekenis nie, maar hy begryp, verstaan, meer van die situasies wat hy wil vergestalt omdat

5. Löwith, *Ibid.*
6. Aron, bladsy 74.

hy daartoe in staat gestel word om hom makliker in te leef in hul omstandighede. Die oomblik dat 'n historikus kan sê „kyk, hulle is dan soos ek", verstaan hy beter, want dan leef hy hom in die menslike verhaal wat so openbaar word. Die beslissings wat in die „hede" geneem moet word, word nie noodwendig geneem omdat die mens 'n „verlede" gehad het nie. Dit word ook nie noodwendig ooreenkomstig die „verlede" geneem nie. Die mens wat moet beslis, is dikwels nie eers bewus van sy „geskiedenis" nie. Al waarvan hy bewus is, is sy bestaan op daardie oomblik van beslissing en dit waaroor beslis moet word, waarmee hy gekonfronteer word, het nie uit die verlede hom op daardie oomblik van sy „hede" tegemoet gekom nie. Nadat die beslissing geneem is, word dit terug gestoot na die verlede, word dit deel van die geskiedenis.

## II

Die volgende is 'n paar voorbeelde van beslissings wat mense in hul menslikheid in die verlede geneem het, waardeur ons weereens besef dat die menslike natuur as eksistensiële gegewene binne die geskiedenis, 'n konstante is en dat die mens menslik gebly het.

Die delemma waarin Landdros C. Potgieter van Lydenburg hom in 1869 bevind het, nadat hy 'n egskeiding tussen 'n sekere Jan Adriaan B............ en Sunna Georgina Maria B............ gebore M............ (ons vermeld nie die vanne nie om begryplike redes!) toegestaan het en die Uitvoerende Raad dit nie wou bekragtig nie, kan verstaan word. Volgens die getuienis het hierdie egpaar soos so baie ander tot vandag toe, blykens „de stukken de zamenleving . . . ondragelyk is",[7] het hulle hul nood by die landdros gaan bekla, en het hy voorlopig 'n „geheele echtscheiding" aan hulle toegestaan. Die Uitvoerende Raad was hiervoor glad nie te vinde nie. Hulle verwys hom na „het handboek van Van de Linden, Boek I, Afdeling 3, pag. 31" en wys hom daarop dat egskeiding alleen kan „plaats vindt ingeval van owerspel en moedswillige verlaten". In hierdie egpaar se geval kan alleen „scheiding van tafel en bed (zie Van de Linden Boek I Afd. 3, pag. 31 en 32)" toegelaat word. Maar gaan hulle voort, kragtens art. 62 van die Grondwet, is die regspraak vry en onafhanklik, daarom kan die Uitvoerende Raad die Landdros se beslissing nie ter syde stel nie, maar wil die opmerking maak „dat die voorlopige echtscheiding door den Landdrost van Lydenburg volgens gevoelen van den Uitvoerende Raad strydig met de bestaande landswetten is gedaan . . . blyvende de Landdrost verantwoordelyk zoo tegen het uitdrukkelyk gevoelen der Regeering tot eene definitiewe echtscheiding op de gronden in de stukken opgenoemd wordt overgegaan". Landdros Potgieter het sekerlik nie die humor van die situasie besef by die wete dat daar twee mense in sy gemeenskap lewe wat geskei is van mekaar, maar dat die egskeiding strydig is met die landswette nie. Miskien het hy hul hul vryheid gegun!

7. T. A. Landdros Lydenburg, 8 April 1869.

Ofskoon daar 'n honderd jaar gelede nie roomysklokkies was wat die rustige stemming van 'n plattelandse dorpie kon ontstig nie, lyk dit tog asof mense nou maar eenmaal nie stil kan wees wanneer dit van hulle verwag word nie. Die dag na Kersfees, 1863, het 'n ontstoke ds. van Heyningen hom tot die Landdros gewend om stilte te kry wanneer hy met die ernstige taak van nagmaalbediening besig is. Hy kla dat daar op die vier-en-twintigste en die vorige dag met die voorbereiding vir die nagmaal asook die godsdiensoefening 'n onbehoorlike lawaai voor die kerk was en hy verwag van die Landdros om daaraan 'n stop te sit.[8]

Die Landdros het hom seker ook maar verwonder oor die menigvuldige verantwoordelikhede wat die gemeenskap op sy skouers plaas. Die ou lewe was ernstig en die mens vatbaar vir soveel sonde en hy, die landdros, moes in dié opsig ook as beskermheer optree. Vanweë sy amptelike hoedanigheid as landdros, is hy beskou as verdediger van die publieke moraal en die omvang van hierdie funksie was so effens rekbaar soos toe 'n ontstoke heer H. J. Bührmann hom op 6 Januarie 1861 genader het oor die diensvolk se taal.[9] Sy aandag is deur Bührmann gevestig op die manier waarop die diensvolk van Lydenburg hul Sondae deurbring. In hul ledigheid besig hulle allerhande liederlike taal en praatjies in die teenwoordigheid van blanke kinders . . . „zoo verzoek ik dat daar een einde aangemaakt en zoodanige liederlyken gesprekken onder het volk belet moge worden opdat ook onze kinderen daardoor niet reeds in hun vroege jeugd voor de Satan gevormd en opgeleid moge worden". Daar is geen aanduiding hoe hy toe opgetree het om die diensvolk goeie maniere te leer nie. Miskien het hy maar ook gewonder watter rol die ouers en werkgewers behoort te speel om Satan te bestry.

Ons landdros was seker nie opgewasse teen die opdrag wat die inwoners van Lydenburg hom by wyse van 'n versoekskrif gegee het betreffende die ontreiniging van hul strate nie. Hulle wys in hul versoekskrif daarop dat die strate met modder en mis verontreinig word, meer nog „dat de straat tot beestkraal gebruikt word".[10] Met die beeste wat sonder wagters deur die strate wei, kon hy sekerlik nog plan maak, want 'n skut was 'n instelling in die gemeenskap in die goeie dae voordat 'n dorp 'n stad was en die plattelander nog nie „verstedelik" het nie. Ons kan ook verstaan dat hy waarskynlik 'n plan kon gemaak het met die modder, maar die strate was tog openbare weë en beeste en perde onontbeerlik in die dae van motorlose vervoer. Die landdros het sekerlik maar besluit om sy opinies vir homself te hou, want hy het geen verdere nota oor die aangeleentheid nagelaat nie.

Baie van die sosiale instellings wat ons vandag as vanselfsprekend aanvaar en selfs duidelik omskryf is en soos byvoorbeeld in die geval van blank-nie-blanke verhoudinge tot politieke beleid verhef is, het 'n honderd jaar gelede reeds bestaan al was dit nog nie duidelik verrasiona-

8. T. A. Landdros Lydenburg, 26 Des. 1863.
9. T. A. Landdros Lydenburg, 6 Jan. 1861.
10. T. A. Landdros Lydenburg, 268, 12 Mei 1871.

liseer nie. Die gemeenskap het binne homself sekere norme ontwikkel waardeur en waarvolgens die groep as kenbare eenheid bestaan het. Die individu wat hierdie norme oortree, word deur die besondere maatskaplike groep op sy manier gestraf. Dit is dan ook geen wonder dat toe 'n sekere J. C. Steenekamp verneem dat die heer F. J. Combrink weet te vertel dat hy wat Steenekamp is geslagtelike omgang met „kaffersmeiden" gehad het, hy heftig gereageer het om sy goeie naam te beskerm en die landdros van Lydenburg dringend versoek het om Combrink „zonder verzuim aan te schrijven om verklaring in, en betreffende die zaak voor U Edele aftegeven".[11] Steenekamp was kwaad en hy sou sy goeie naam voor die hof beskerm, want die hof was vir hulle die uiteindelike regbank van die publieke moraliteit.

Die veelvuldigheid van die landdroste se pligte het seker aan menigeen grys hare besorg, maar hul moeite is sekerlik beloon wanneer hulle 'n amptelike briefie van 'n wildvreemde ontvang wat as volg begin: „Waarde oom Corneels".[12]

Waar die verhoudinge van individuele blankes en Bantoe vandag duidelik deur die sosiale gebruik omskryf is en dit voorgekom het uit die uitsprake van ons voorouers dat ook hulle geweet het „waar om die lyn te trek", laat die volgende voorvalletjie uit die oorlog teen Mapog in 1883 'n mens verwonderd staan oor die onbegrensdheid van die mens se menslikheid. Willem Lodewijk Stoltz is op die 9de Mei aangesê om 'n hele end van die laer af brandwag te gaan staan. Omdat Bantoe ook opgeroep is om teen Mapog te veg, het Naturelle-kommissaris Abel Erasmus op dieselfde dag aan Stuurman opdrag gegee om op dieselfde plek brandwag te staan. Die twee barndwagte het naderhand verveeld begin raak en Stoltz het voorgestel dat hulle beurte neem om na 'n laaistok te skiet. Stoltz het geskiet, die geweer weer gelaai en aan Stuurman oorhandig. Ongelukkig het die geweer afgegaan toe Stuurman die geweer neem en is Stoltz lelik verwond. In sy verklaring het Stuurman die volgende aan die krygsraad te sê gehad: „Wy hadden geen rusie gehad, wy waren aan het spelen en lachten".[13]

Die lewe van elke amptenaar word beheer en gereguleer deur die letter van die Wet. As daar in die lewe 'n afwyking bestaan waarvoor die Wet nie voorsiening maak of spesifiek gemeld word in een van die artikels of onder artikels *bis* 3(a) (sic!) nie, sit die amptenaar met die hande in die hare. Veral wetgewing ooreenkomstig landsbeleid wat betref die Bantoe-inwoners van die land, het die kommissarisse wat belas was met uitvoering van landsbeleid en regspraak grys hare besorg. In gevalle waar dit gaan oor sake wat Bantoes alleen raak, het situasies soms ontstaan wat baie kopkrap geverg het. Een Bantoe het op 'n dag 'n ander kleurgenoot voor die kommissaris van Lydenburg gedaag weens diefstal. Toe Kommissaris Abel Erasmus na die beskuldigde kyk, het hy onmiddellik

11. T. A. Landdros Lydenburg, 12 Mei 1860.
12. Ibid, 14 April 1869.
13. T. A. K.G. 271/1 20 Mei 1883.

besluit om die hof te verdaag want hy het gesien dat die aangeklaagde 'n *Boesman* is en die Wet het uitdruklik gesê „in sake wat gaan om kaffer teen kaffer".[14]

In die negentiger jare van die vorige eeu was treine nog 'n nuwigheid en het die nie-blankes maar stadigaan begin gewoon raak aan hierdie vervoermiddel. 'n Sekere J. M. Kanyane wat homself as 'n „Kleurling" beskryf het en blykbaar oor genoeg fondse beskik het om ook te gaan treinry, het gevind dat toe hy sy plek in 'n tweedklas rytuig wou inneem, hy met geweld verwyder is aangesien die rytuig vir blankes gereserveer is. Hy kon saam met „de kaffers" in die derdeklas rytuig ry as hy dan wil ry. Maar, was sy verweer, „ik ben g'n kaffer!" Daarop is daar van regeringsweë opdrag gegee dat geen Kleurlinge in die eerste- en tweedeklas rytuie toegelaat mag word nie. Die amptenare het skielik besef dat dit tog 'n gebruik was, ja, 'n instelling was dat bediendes, veral kinderoppasters altoos saam met die blanke werkgeefster in haar kar of wa gereis het. Om dié probleem op te los, is daar bepaal dat 'n „gekleurde bediende, reisende" met 'n blanke familie in die eersteklas teen betaling van eersteklas reisgeld mag ry. Om die Kleurlinge wat „geen kaffers ben" nogtans tegemoet te kom, is daar verder bepaal dat minstens vier Kleurlinge („of daarvoor betalende") wat saam reis in 'n eersteklas kompartement van 'n rytuig mag plaasneem, mits die kompartement geen kommunikasie het met ander kompartemente nie, terwyl aan ten minste agt Kleurlinge „die samen reizen, een geheel N.Z.A.S.M. 1ste klasse rytuig ter besckikking worden gesteld".[15] En daarmee het die owerhede dan weereens 'n probleem van rasseverhoudinge wat ontstaan het omdat 'n Kleurling met die Bantoenaam Kanyane skielik op 'n dag ontdek het dat hy geen „kaffer ben" tydelik opgelos.

Wanneer oorlog oor 'n land losbreek, dan word elke lid van so 'n volk dardeur geraak, vind hulle hulself daarin betrokke, want elkeen weet dat oorlog 'n beslissende oomblik in 'n volk se geskiedenis is wat die lot van elke individu diep gaan raak. Oorlog is die finale arbiter tussen volke en nasies wat 'n besliste wending aan 'n volk se geskiedenis gee. Na 'n oorlog is dinge nooit meer dieselfde as voor 'n oorlog nie. In die oproep tot die stryd word daar 'n beroep gedoen op die burgers om die hoogste offers te bring indien nodig. Veral ons Afrikaanse historici, sekerlik onder invloed van Gustav Preller en die digters van die jare na die Tweede Vryheidsoorlog, het dan ook die neiging getoon om die Transvaalse burger as 'n heroïese tipe voor te stel en nie as mens nie. Die beeld wat ons het van die Transvaalse burger is van 'n soort veridealiseerde held wat met sy mauser op die ruwe grense pal staan teen die donker wolk van vyandelike bedreiging. Elke burger is op sy pos, gereed om sy laaste druppel bloed vir sy „geliefde vaderland" te giet. Maar hierdie skrywers vergeet dat ons weereens met mense te doen het. Afgesien van die burger se gewilligheid om sy land te verdedig, en in sy

14. T. A. Sup. Nat. 14 Maart 1893.
15. T. A. Sup. Nat. 110, 25 Feb. 1898, No. 110.

gemoed bestaan daar sekerlik die gevoel dat hy geen duim vir die vyand sal wyk nie, bestaan daar ook diep in sy gemoed sy menswees.

Toe die Mapogoorlog in 1882 uitbreek is daar onmiddellik besef dat weens die geaardheid van die gevegsterrein en die groot getal stamlede wat met ingesmokkelde gewere bewapen is, die stryd nie maklik sou wees nie. Die Uitvoerende Raad het derhalwe besluit om ten minste 'n derde van die weerbare manne tot die stryd op te roep. Wet, orde en vryheid moet gehandhaaf word en is die hoop uitgespreek dat God die burgers krag sou gee om die oorwinning te behaal.[16] Teen Januarie 1883 kla die Kommandant-Generaal (Piet Joubert) dat die opkoms uiters swak is.[17]

Toe Kommandant Fourie van die Pretoriase distriks-kommando hard aangespreek word oor die swak opkoms van sy burgers, het hy hom lelik vererg. Hy erken dat van sy twaalfhonderd burgers alleen tweehonderd op kommando is, maar, vra hy spytig, waarom moet alles van Pretoria „komen en gevorderd worden", en, gaan hy voort, „U Edele vergeet ook, dat al de slim geleerde Agenten en ambtenaren in Pretoria zijn", laat hulle ook so 'n slaggie hul land gaan verdedig![18] En vanaf Ermelo het oubaas S. J. Fourie gesmeek: „Ek is oor die sestig jaar oud". Hy skryf dat op die dag van sy vrou se begrafnis sy seun opgekommandeer is vir krygsdiens en, gaan hy voort: „Ik hebt myn vrouw op haar sterfbed moeten beloven hom in den school te zetten".[19]

Dit het mooipraat en baie dreigement gekos voordat die gekommandeerde burgers in genoegsame getalle opgedaag het om stamhoof Niabele (Mapog) in die Steenkampsberge te gaan aandurf. Veral vir die burgers van die hoëveld en die omgewing van Pretoria, waar berge nie te hoog is nie, het die Steenkampsberge 'n duiselingwekkende skouspel gebied. Kommandant H. P. N. Pretorius het as volg aan sy gevoelens uitdrukking gegee by die aanskoue van die gebergtes, die „broines van een baskeles". „Sover wij kon sien wat wij nodig hadde om alles te zien was kranse".[20]

Daar is dan ook besluit dat hierdie „broines" te gevaarlik sou wees om te bestorm en dat die burgerleër liewers die berg sou beleër totdat die vyand tot oorgawe gedwing kon word. Die burgers het hulle begin verveel en hulle aandag op ander dingetjies begin toespits. Nie te lank nie, of 'n uitgebreide smokkelhandel in sterkdrank het tussen die Steenkampsberge en Pretoria ontstaan. Die drank is onder ammunisiekiste en selfs in die voedselvoorraadkaste deurgesmokkel. Soms is die voorrade ontdek en dan het Kommandant-Generaal Joubert se humeur vrye teuels geneem. Hy het byvoorbeeld een keer aan die „Boeren Handelswinkel" geskryf om 'n voorraad meel en brood vir sy burgers te bestel. Of daar langs die pad aan die voorraad gepeuter is, weet ons nie, maar toe die kiste oopgemaak is, word daar ontdek dat dit 'n voorraad „jenever" bevat.[21]

16. T. A., K.G. 272/1 No. 179.
17. T. A., K.G. 272/1 Sirkulêre, 25/2/83.
18. T. A., K.G. 272/1, 5 Januarie 1883.
19. T. A., K.G. 272/1, 25 Januarie 1883.
20. T. A., K.G. 272/1, 31 Januarie 1883, No. 227.
21. T. A., K.G. 272/1, 31 Januerie 1883, No. 227.

Op die kiste was die etiket tog duidelik geplak: „Brood en meel".

Iewers in die hooflaer was daar groot fout. Elke keer as die manne vanaf Fort Henning gestuur word om 'n opdrag in die hooflaer uit te voer, het die manne smoordronk teruggekeer. Kommandant H. P. N. Pretorius het gevoel dat dit nie langer so kan aanhou nie anders sou hy desnoods die fort moes verlaat „want om met drie manne in een fort te blyven, twee ziekke en een dronke, dan heef ik niets anders te doen als om ziekke en dronke te verpleegen en de gezonde te beschermen tegen de dronke . . . "[22] Fort Henning was dan ook later onder die burgers bekend as „fort brandewyn".[23]

En op die verre plase het die families angstig gewag oor berigte vanaf die gevegsfront. Gerugte van oorwinnings, dan deur die burgers, dan deur die vyand, was volop. So skryf Veldkornet J. van Bachstroms heel filosofies uit Wes-Transvaal dat nuus nie ontbreek nie „doch de merendeel is onwaarheid, . . . jammer dat het zoo is, maar het is maar de erfzonde van de mensch".[24]

'n Deel van die Pedi onder stamhoof Mampuru het hul aan die kant van Niabele (Mapog) geskaar en die inwoners van Middelburg het skielik die ongemaklike gevoel gekry dat die dorp nie meer veilig is teen 'n aanval van die vyand nie. Veral twee onder-kapteins wat hulle sowat dertig myl wes van Middelburg skuil gehou het in die byna ondeurdringbare klowe van die gebroke hoëveld net voor 'n mens afdaal na die laeveld, het die gemoedere gaande gehad. Weens die ondeurdringbare gesteldheid van die terrein en die diep klowe was (en is vandag nog) die plek bekend gewees as „die hel". Die burgers moet hul uiterste doen om onder-kapteins Malgas en Wildebeest uit „die hel" te verdryf. „Alle bruikbare mannen die paarden heeft zyn op de wacht in de Banken"[25] en op 22 November 1882 het Kommissaris S. P. Grové met honderd gewapende gekerstende Bantoe van die sendingplaas Bothšhabêlo na „die hel" opgeruk.[26] Hul geledere is aangevul deur ses blankes onder aanvoering van Gert Viljoen. Op die oggend van die 24ste November het Malgas en Wildebeest hul skuilings in „die hel" verlaat, die gekerstende Bantoe het op die vlug geslaan, Gert Viljoen is doodgeskiet en die vyf blanke burgers het tot in Middelburg gevlug[27] waar die inwoners vol angs die volgende gebeurtenis afgewag het. Soos een oubaas dit gestel het: „Die duiwel was los toe Malgas uit die hel gekom het!" veral toe vanaf Magneetshoogte, sowat sestig myl verder wes in Sekhukhuneland berig is dat die aanvl op onder-kaptein Makwana se stat ook misluk het. In die berig is daar meer menslike humor as wat uit die eerste oogopslag blyk: „De geheele Commando was disorganizeert en is noch zo. In het vlugte heb onze commando alles weggesmoten, my sadel, tent, komberse, kleider

22. T. A., K.G. 272/3, 29 Januarie 1883.
23. T. A., K.G. 272/2, 4 Februarie 1883.
24. T. A., K.G. 271/2, 25 Desember 1882.
25. T. A., K.G. 271/3, 11 November 1882.
26. T. A., K.G. 271/3, 22 November 1882.
27. T. A., K.G. 271/3, 25 November 1882.

en alles heb ik verlooren"[28] maar as dit nie was dat die vyand dit reg gekry het om J. Bredenbach deur die *voèt* te skiet nie, sou dinge sekerlik anders verloop het. Maar, gaan die berig voort, manne soos Trigardt, Abel Erasmus en andere het hul dapper gedra!

Somtyds sal 'n persoon deur 'n woord of enkele sinsnede wat hy neergepen het, sy hele gemoedstoestand op daardie oomblik van skrywe openbaar. 'n Mens reageer nie suiwer rasioneel op 'n gekonfronteerde situasie nie, en die woorde wat hy uiter of neerpen, verraai dikwels sy menswees. Die burgers wat Niabele (Mapog) in die Steenkampsberge beleër het, het verskeie forte gebou om as sterktepunte om die berg te dien en daar is algemeen verwag dat die vyand nie die moed sou hê of die krygsvernuf aan die dag sou lê om die forte aan te val nie. Een fort wat beset was deur Veldkornet Mills en agt-en-dertig man is egter een aand aangeval en voordat die vyand verdryf is, het hulle selfs daarin geslaag om 'n gedeelte van een muur om te werp. Daar is derhalwe deur Kommandant-General Joubert opdrag gegee om die fort 'n end van die oorspronklike fort te herbou. Die besef dat die vyand 'n oorwinning behaal het en die moeisame arbeid verbonde aan die herbou van die fort het sekerlik ook die ergernis van die Kommandant-Generaal gaande gemaak en toe die werk aan die herbou van die fort voltooi is, skryf hy in sy verslag: „. . . en daar staat hij nou".[29] Hy kon net sowel bygevoeg het „laat hulle weer probeer!"

## III

Elke gebeurtenis waarteenoor die mens gekonfronteer staan, spreek eintlik die mens aan en die mens se antwoord daarop is geskiedenis. Die mens gee betekenis aan elke gebeure, gebeurtenis of situasie. Die betekenisvolle van die menslike situasie kan alleenlik deur die mens verstaan word[30] en die historikus, wanneer hy die verlede interpreteer of probeer vergestalt, interpreteer eintlik die produk van die menslike aktiwiteit.[31] Omdat ons die verlede vanuit die veranderde hede interpreteer, d.w.s. 'n hede wat nie meer is soos die verlede nie, maar waaruit ons die verlede moet benader,[32] staan ons subjektief teenoor die verlede en projekteer die „hede" van waaruit ons skryf in die verlede in. Ons kan ons egter ook in die verlede in plaas deur die verlede te beleef deur die mense wat toe geleef het, want aangesien die menslike 'n konstante in die geskiedenisverloop is, kan ons hulle deur hul menslike uitinge verstaan. As ons in die eerste plek na sy menslikheid, sy menslike uitinge gaan soek, dan leer ons hom as mens verstaan, weet ons wanneer hy lag, ween, geïnspiereerd is, tot die dood toe bedroef is, want hy vertel dit aan ons en ons kan dit verstaan,

28. T. A., K.G. 271/3, 8 Desember 1882.
29. T. A., K.G. 272/3, 29 Januarie 1883.
30. Rickman, H. P.: *Meaning in History, Dilthey's thoughts on History and Society*, bladsy 32. London 1961.
31. *Ibid*, bladsy 43.
32. Van Jaarsveld, F. A.: *Lewende Verlede*, bladsy 4.

omdat ook ons menslik is soos hy. Dit is dan ook eers dan dat ons werklik die deure na die verlede oopstoot en ons dit kan begin verstaan want die mense wat toe geleef het spreek dan direk tot ons deur die tyd heen.

Die sekerheid van ons kennis van die verlede berus gevolglik nie in die feit dat die verlede in die hede bestaan en daarin voortleef en sy aansluiting daarin vind nie, want dit veronderstel dat die historiese situasie wat ondersoek word 'n vaste punt in die tyd is wat in die hede voortwerk en omdat dit in die hede voortwerk en ons vanuit die hede die verlede interpreteer, ons vanuit 'n voortbestaande verlede *in ons* die verlede kan ken. „Verlede", „hede", „situasie" word dan as objektiewe gegewene gesien wat buite om die mens bestaan. Wêreldbeskoulike elemente wat altyd 'n rol sal speel waar dit om die betekenisuitleg van die verhaal gaan[33] word tog nie noodwendig deur die voortwerking van die verlede in die hede gevorm nie, maar is tot groot hoogte afhanklik van die mens wat in 'n bepaalde situasie verkeer wat ontstaan het in die oomblik waarin die mens geleef het. Die maatstaf van be-oordeling word nie noodwendig uit die eie norm van die verlede self geneem nie,[34] want daardeur ontneem dit die mens sy eksistensiële vryheid. Die mens se verbondenheid aan 'n situasie berus ook by 'n keuse wat uit die eie self spruit. Daardie keuse spruit uit sy menslikheid as mens en in die laaste instansie doen hy aan homself verantwoording, nie aan die situasie waarin hy hom deur geboorte bevind nie, maar waaruit hy homself kan verwyder deur 'n wilsbesluit. Hy kan sy eie situasie verander deur 'n wilsbeslissing of die situasie waarin hy hom bevind kan verander deur inwerking van faktore wat op 'n besondere oomblik van buite af ingewerk het. 'n Geskiedenisverloop is nie 'n voortdurende verlenging van die oorspronklike situasie nie, dit is 'n voortdurende vernuwing, bereiking in tyd anders sou 'n mens kan sê dat die huidige situasie waarin byvoorbeeld die Wes-Duitsers hulle bevind, in die situasie wat Frederik die Grote in die agtiende eeu laat ontstaan het, reeds in daardie situasie gepredestineer was. Determinisme is 'n gerieflike lewensbeskouing maar dit maak nie voorsiening vir so 'n persoonlikheid soos 'n Napoleon of Hitler nie! Determinisme gee konsekwensieel aanleiding tot die volgende soort logika: as ek my toon gestamp het en daar bloed uitkom, dan sal ek sê: „Ek het besluit dat daar bloed uit my toon moet kom, daarom het ek my toon gestamp". Anders gestel: Die Duitsers wou in 1933 'n sterk gesentraliseerde regering hê omdat Frederik die Grote 'n despoot was!

Die geskiedenis, d.w.s. die verlede, kan alleenlik verstaanbaar word *deur* die persone wat toe geleef het. Soos Dilthey dit gestel het: 'n Oordeel is dieselfde vir 'n persoon wat dit probeer verstaan as vir die persoon wat dit maak, dit word onveranderlik van die een persoon na die ander

33. *Ibid*, bladsy 14.
34. *Ibid.* bladsy 32.

oorgedra[35] en die feit dat ek die mense in die verlede kan verstaan berus in die wete dat ten spyte daarvan dat die historiese milieu waarin die mens geleef het, verander het en dus „geskiedenis" geword het, die mens in sy menslikheid dieselfde gebly het. Dit is soos Karl Löwith dit dan stel, die enigste konstante wat geskiedskrywing moontlik maak en dit is ook tot 'n groot mate die insig en begrip wat die historikus in die mens en die menslike natuur het, wat sal bepaal in hoeverre hy die mense binne die historiese milieu wat hy wil beskryf, sal verstaan, begryp. Dit is per slot van sake die mens wat geskiedenis „maak" en dit is hy wat aan die nageslagte vertel hoe hy dit gemaak het. Hoe minder hy gespreek het oor die wêreld waarin hy hom bevind het, hoe minder weet ons van hom en hoe vaer omlyn word sy wêreld. Indien hy niks nagelaat het nie, bestaan hy net nie vir ons nie en het die wêreld waarin hy geleef het, wat aan hom vrae geponeer het wat hy moes oplos, eenvoudig vir ons vir goed verdwyn en word daardie „tyd" in die geskiedenis teruggestoot tot die vae ryk van die nie-historiese. Selfs deur 'n terugprojeksie van die hede in die verlede, sal daardie verlede nie herskep kan word nie.

Deur by die mens as mens en sy menslikheid verby te kyk, tipeer ons hom dan dikwels of interpreteer ons hom volgens „wêreldbeskoulike elemente" wat aan ons kleef en wat ons terug projekteer. Die Voortrekkers was vir ons heldefigure nie omdat hulle nie ook menslik was nie, maar omdat ons hulle alleen as heldefigure wil raaksien. Bloedrivier is 'n epiese gebeurtenis, maar die manne wat daar geveg het was ook menslik. Oor hul menslikheid en dus tekortkominge hoor ons selde of ooit anders sou die beeld wat ons van hulle het, vernietig word of ten minste in menslike perspektief gesien word.

Op 14 Januarie 1840 het 'n burgerkommando van ongeveer drie-honderd-en-vyftig man die Tugela oorgesteek om saam met die impi van Mpande Dingaan finaal uit sy skuilplekke in Zoeloeland te verdryf.[36] Die meeste burgers van hierdie kommando was ook lede van die kommando wat op 16 Desember 1838 Dingaan se impies by Bloedrivier gestuit het. 'n Sekere F. M. Lingenfelder, 'n dranksmous, het die kommando vergesel en weldra was daar klagtes dat „verscheidene menschen in het leger, in staat van dronkenschap gestel"[37] was. Hierdie „staat van dronkenschap" het selfs tot onderlinge struwelinge en vuisvegtery aanleiding gegee en het „een jongeling, met name Gideon van der Schyff" in sy dronkenskap selfs 'n kleurlingbediende by die Umfolozirivier doodgeskiet.[38] Uiteindelik is daar besluit om Lingenfelder se drankvoorraad te konfiskeer. Lingenfelder „scheen hierover zeer ontevreden te sijn" en het dit voorgekom dat hy van voorneme is „om onze geheele Maatschappy in de

35. *Gesammelte Schriften*, deel VII, Stuttgart.

36. Van Rooyen, T. S.: Slag van die Emaqonqoheuwels, *Bantu*, Aug. 1963, bladsye 448-453.

37. *Natalse Volksraadnotule*, 4 Februarie 1840.

38. *Ibid*, 12 Februarie 1840.

Kolonie de Kaap de Goede Hoop, hoe onschuldig ook, schandelyk te blameeren . . . "[39] Die helde van Bloedrivier was ook menslik.

In ons argiewe lê daar ontsaglik baie van hierdie materiaal wat as dit deur ons romanskrywers gelees word, hulle in staat sal stel om historiese romans te skryf waarin die karakters nie as *tipes* geskets word nie, maar as mense. Hierdie dokumente sal ons historici in staat stel om deur hulle die verlede met ander oë te sien.

En wanneer daar dan so met die tyd af in die verlede in beweeg word en ons die voorgeslagte ontmoet wat reeds deel geword het van die tyd maar tog steeds tot ons uit die verlede kan spreek, sal ons sekerlik wil sê: „*Sic transit gloria . . .* " maar daarby voeg „*Ecce homo*" — sien die mens, hy is soos ek is, want hy is menslik.

Dr. T. S. van Rooyen.

39. *Ibid*, 13 Februarie 1840.